LARRIES Nuus News

Posbus /PO Box 171
Tzaneen
0850

E-pos / E-mail: lstzn@mweb.co.za
Webwerf / Website: http://www.laerskooltzaneen.com
Tel. 015 307 3601/2
Faks/Fax: 015 307 4656

UIT DIE HOOF SE PEN:

- Inleidend: Verby die halfpadmerk met ses van die tien skoolweke van die derde kwartaal verstreke! Nou eers 'n week van vyf revue-optredes en daarna is die toetsreeks op ons!
- Akademie: Die derde kwartaal se toetsreeks skop dan op Maandag 11 September af vir die rapporte wat op die laaste skooldag (Vrydag 29 September) uitgehandig sal word. Motiveer asseblief u kind(ers) om hard te leer hiervoor, 'n sinvolle studierooster in plek te hê.
- Sport:
- Hokkie: Verlede Saterdag was die net "kleinvolk" met hul minihokkie by die "Lemoenfees" te Laerskool Dr. Annecke in aksie. Môre is dit weer sulke tyd met wedstryde te Laerskool Pietersburg-Oos (Oosskool). Die derde ronde ligawedstryde het toe Woensdagmiddag plaasgevind. Maandagmiddag word die Mopani-kampioenskappe op die velde van Hoërskool Ben Vorster en Unicorn Preparatory School afgehandel. Aanstaande Saterdag (9 September) vind die provinsiale kwartfinale op Pietersburg plaas.
- Krieket: Verlede Saterdag het die "Larries" se tweedespan by die jaarlikse "Hornbill" kriekettoernooi te Unicorn Preparatory School ingeskakel en die trotse rekord gestand gedoen. Op Dinsdag het die onder 10's asook die onder 11's beide puik oorwinnings oor Pietersburg Laerskool (Suidskool) in Pietersburg behaal. Die onder 11's, -12's en 13's wat in die Letabaspanne opgeneem is, is vandag en more by die finale Limpopoproewe betrokke.
- Tennis: Op Maandagmiddag het die aksie weer hier tuis plaasgevind tussen die "Larries" se seuns- en dogterspanne en die spanne van Laerskool Phalaborwa-Noord (Rooiskool), weer hier op ons eie bane. Eerskomende Maandag (4 September) speel die "Larries"-tennisspanne weer tuis, hierdie keer teen Laerskool Drakensig (Hoedspruit).
- Landloop: Môre word die jaarlikse LLSV (Letaba Laerskole Landloopvereniging) se kampioenskappe deur Laerskool Mariepskop aangebied wat dan ook die laaste byeenkoms van die seisoen is.
- Bergfietsry: Sowat 26 "Larries"-ryers neem tans aktief aan die liga deel en beklee ons tans die vierde plek in die provinsie met nog twee byeenkomste oor. Die voorlaaste, die "Tour de Lake", vind môre te Stanford Lake College plaas.
- Kultuur:
- Skaak: Oefeninge op Woensdae is volstoom aan die gang en reëlings vir die tuistoernooi van aanstaande Saterdag (9 September) hier tuis is in plek.
- Eisteddfod: Hierdie week was dit die Engelse afdeling se beurt en word alle sertifikate wat verwerf is Dinsdae (Gr. 4 tot 7) en Woensdae (Gr.R tot 3) tydens die weeklikse saalopeninge uitgedeel. Deelnemers moet dit asseblief aan Me. Magriet Engelbrecht besorg vir oorhandiging.
- Radikale redenaars: Die "Larries" is ook in hierdie aktiwiteit baie aktief en suksesvol en die Limpopofinale vind môre in Pietersburg plaas.
- Revue: Lang ure van oefening en harde werk aan hierdie tweejaarlikse kultuurhoogtepunt, het gister gekulmineer in die volle kleedrepetisie gedurende skoolure en vyf optredes (elke weeksaand van aanstaande week!) Die bestuur is bewus van die groot aanvraag en onbeskikbaarheid van kaartjies, maar daar is reeds 'n vyfde optrede bygevoeg om hierdie probleem aan te spreek. Ervaring oor die jare het egter geleer dat dit uiters vermoeiend vir die deelnemers (en personeel) is en dat veral die "kleinvolk" (die Grondslagfase) na die derde optrede begin swaarkry. Daar word steeds deurlopend op daaglikse basis gekontroleer en waar moontlik addisionele kaartjies beskikbaar gemaak.

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T/

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

- Finansies:
- Skoolgelde: Ouers word herinner aan hul skoolgeldverpligtinge en gemaan om nie agterstallig te raak met paaiemente nie, aangesien dit tot vervolging kan lei. Dit is ook weer amper tyd vir die onaangename taak om die rapporte van leerders wie se ouers se skoolgeldrekeninge nie op datum is nie, terug te hou.
- Algemeen:
- Lentedag: Vandag is hierdie dag weer op kleurryke wyse by die skool gevier en vanaand is dit weer tyd vir die Graad 6'e en 7's se jaarlikse "Lentesokkie" in die Pieter Joubertsaal.
- Sosiale media: Na aanleiding van negatiewe kommentaar deur 'n ongelukkige ouer oor die tekort aan genoegsame plek om na die revue te kyk op die sosiale media, is optrede vanaf die skool se kant geloods om die boodskap verwyder te kry. Ouers moet asseblief daarop let dat daar groot risiko's verbonde is aan wat op die sosiale media geplaas word en dat waar dit aan moontlike "naamskending" grens, geregtelike stappe geneem kan word. Die Skoolbestuur deins nie terug vir geldige kritiek nie en is geensins onaantasbaar nie, maar die regte kanaal bly steeds om met die skool (verkieslik die hoof) in verbinding te tree indien daar ongelukkigheid heers. Dieselfde geld natuurlik vir afbrekende opmerkings of kommentaar op die talle "Whatsapp"-groepe in die skool. Skakel direk met die verantwoordelike persoon/organiseerder om ongelukkigheid aan te spreek of klagtes te lê.

- *Introductory: We are past the halfway mark of the third term with six of the ten school weeks now behind us! Ahead we have the five revue performances next week and the test seies the week thereafter!*
- *Academics: The quarterly test series resulting in progress reports on the last school day of the term (Friday 29 September) commences on Monday 11 September. Please ensure that your child(ren) prepare well according to a sensible study timetable and keep motivating them.*
- *Sport:*
- *Hockey: The "little people" playing mini hockey attended the annual "Orange Festival" at Laerskool Dr. Annecke last Saturday. Their last action takes place at Laerskool Pietersburg-Oos (Oosskool) tomorrow. The last round of league matches were also postponed and were played on Wednesday. On this coming Monday (4 September) the Mopani Championships will take place on the fields at Ben Vorster High School and Unicorn Preparatory School. On next Saturday (9 September) the Limpopo quarter finals will be played at Polokwane.*
- *Cricket: On Tuesday the under 10's and 11's travelled to Polokwane to face Suidskool (Pietersburg Laerskool) with both managing glorious victories. Last Saturday the "Larries" defended their title at the annual "Hornbill Tournament" hosted by Unicorn Preparatory School with success, the second team doing the honours. The under 11's, 12's and 13's taken up in the Letaba teams, are involved with the final Limpopo trials this afternoon and tomorrow.*
- *Tennis: On Monday afternoon our teams faced Laerskool Phalaborwa-Noord (Rooiskool) here at home and on this coming Monday (4 September) they are playing against Laerskool Drakensig (Hoedspruit), once again in home turf.*
- *Cross Country: Tomorrow's action moves to the annual LLSV (Letaba Primary Schools Cross Country Society) Championships hosted by Laerskool Mariepskop, which is also the last meeting of the season.*
- *Culture:*
- *Chess: Practices on Wednesdays are continuing and arrangements for the tournament here at home on Saturday 9 September are in place.*
- *Eisteddfod: The English section took place during this week and participants who attained certificates are recognised at the weekly hall assemblies on Tuesdays (Gr. 4 to 7) and Wednesdays (Gr. R to 3). Ensure that they hand in their awards with Ms. Magriet Engelbrecht for this to be possible.*
- *Finances:*
- *School fees: Parents are once again reminded of their obligations towards school fees and requested not to fall into arrears, as this may lead to prosecution. It is almost time for the not so nice quarterly retainment of the progress reports on the last day of school for the term of the progress reports of learners from parents whose school fee accounts are in arrears.*

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

- *General:*
- *Revue: Due to the overwhelming demand for tickets for the performances, another night was arranged and will five performances be held as from Monday to Friday next week.*
- *"Spring Day": Today is "Spring Day" with the traditional colourful "sivvies" and "Spring Dance" for Grade 6 and 7 learners in the school hall tonight.*

(VIC RIJNEN: HOOF / *PRINCIPAL*)

Hokkie

Woensdag het ons laaste poelwedstryde plaasgevind teen Unicorn. Die uitslae is as volg.

Seuns Oop A wen 1-0
Seuns Oop B wen 3-0
Seuns 0/11A verloor 0-1
Seuns 0/11B speel gelykop 0-0
Seuns 0/11C speel gelykop 0-0
Dogters Oop A wen 2-0
Dogters Oop B wen 3-0
Dogters 0/11 A wen 3-0
Dogters 0/11B wen 1-0
Dogters 0/11C wen 1-0

Baie sterkte aan die volgende spanne wat Maandag aan die Mopani kampioenskappe deelneem. Seuns Oop A en B asook 0/11B. Dogters Oop A en B asook 0/11A en B.

On Wednesday our last pool matches took place against Unicorn. The results were as follow.

Boys Open A won 1-0
Boys Open B won 3-0
Boys u/11 A 0-1
Boys u/11B drew 0-0 0-0
Boys u/11C drew 0-0
Gir;ls Open A won 2-0
Girls Open B won 3-0
Girls 0/11A won 3-0
Girls u/11B won 1-0
Girls u/11C won 1-0

Congratulations to the following teams taking part at the Mopani Champs on Monday. Boys Open A and B as well as the u/11B team. Girls Open A and B as well as the u/11A and B teams.

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries
sogood

Volg ons op
Follow us on
Laerskool T /

KFC ondersteun die Larries
KFC supports the Larries